## Algemene reëls soos van toepassing op huiseienaars en/of huurders

1. Huiseienaars is verantwoordelik vir die betaling van 'n maandelikse heffing aan die Beheerraad. Hierdie genoemde heffing word jaarliks op 1 September aangepas volgens uitgawes t.o.v. versekering, diens van brandblussers, instandhouding van die sypaadjie op die straatfront..
2. Versekeringsdekking sluit in skade wat aangerig word aan die gebou deur natuur-elemente soos bv stormskade, brand, wind, weerlig, ensovoorts. Geysers, wateropgaartenks en drukpompe word ook gedek onder hierdie versekeringspolis. Kwotasies t.o.v. enige eis as gevolg van skade aan 'n eiendom, moet deur die eienaar self verkry en ingedien word by die makelaar – kontaknommers word hierby aangeheg.'n Afskrif van 'n eis moet ook aan die voorsitter van die beheerraad voorgelê word vir rekord doeleindes.

   Indien daar enige bybetaling ten opsigte van 'n eis betaalbaar is, is dit vir die eienaar se rekening.

   Indien 'n gasinstallasie bo 9kg gedoen word in 'n eiendom, moet daar 'n skriftelike gassertifikaat, soos uitgereik deur 'n geregistreerde installeerder, by die versekeraars en die voorsitter van die beheerraad ingedien word
3. Alle eienaars is gesamentlik aanspreeklik vir die herstel en instandhoudings kostes aan die gesamentlike area al gebruik hy/sy dit nie, bv. plaveisel, grensmure ens.
4. Eienaars / huurders is verantwoordelik vir die netheid van die wooneenheid en tuin, op eie koste, wat insluit die verf van fassieborde, vensterrame, geute en tuinhekkies. Goedgekeurde verfkleur is "Cream of Mushroom" en geen ander kleur mag aan die buitekant van die wooneenhede gebruik word nie. 'n Kleurskakering vir woorhenhede waarvan die buitemure geverf moet word, moet aan die beheerraad voorgelê word vir goedkeuring.
5. Geen buitestrukture soos bv. skadunet-afdakke of stillasies mag aan die buitekant van die kompleks aangebring word nie. Indien daar 'n behoefte onstaan, moet 'n geldige bouplan of voorlegging aan die beheerraad voorgelê word. Skriftelike goedkeuring moet deur die beheerraad daartoe verleen word, alvorens enige werksaamhede kan begin.
6. Die gesamentlike tuinpaadjie is beskikbaar vir almal se gebruik vir tuindienste. Hierdie paadjie moet gesien word as deel van 'n tuin en ook so netjie gehou word. Die paadjie moet te alle tye bruikbaar wees vir alle inwoners
7. Brandblussers word jaarliks gediens en eienaars / huurders moet reelings tref dat die diensverskaffer toegang het tot die brandblussers. 7 Dae kennis sal gegee word van die beplande diens datum. Kostes vir die diens is ingesluit by die maandelikse heffings.
8. Troeteldiere mag aangehou word met die vooraf goedkeuring van die beheerraad. Geen diere mag vir ander inwoners 'n oorlas wees nie.
9. Geen harde musiek mag vanuit die wooneenhede of op die gesamentlike terrein gespeel word nie.
10. Geen parkering of fietsryers word in die oprit van die kompleks toegelaat nie.